FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS


# die WAPAD

*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

JAARGANG XXII — WOENSDAG 16 AUGUSTUS 1967 — No. 17


**ENBRITE ELEKTRIESE MPY.**
(Edms.) Bpk.
Von Wiellighstraat 9B,
POTCHEFSTROOM.
Besoek ons vir elektriese benodigdhede, hardeware, vlekvrye staal, porseleinware en tafellinne van hoë gehalte.
Telefoon: 6213

# INTERVARSITY ... 1967!

**JA, Saterdag is dit weer die groot geveg tus-sen die Puk se leeu en die Kovsiekat, maar wie gaan wen is 'n ander vraag!**

**Die Pukke sal vanjaar weer alles in die stryd moet werp om hul goeie rekord van die afgelope twee jaar te behou. Nadat die Vrystaters vir 'n halwe dekade koning gekraai het, het die Pukke in 1965 die borjies begin verhang deur in daardie jaar met 9 elk gelykop te speel.**

Verlede jaar se pragsege het die Puk se rugby weer in ere herstel. Die blikore het toe geen raad gehad met oom Piet Malan se skoptaktiek nie. Niemand het die Pukspan laasjaar 'n kans gegun nie en tog het hulle die onmoontlike reggekry deur met 8—3 te seëvier.

### UITSTEKEND

Tot sover hierdie seisoen het albei spanne uitstekend in hul onderskeie ligas gevaar. In Bloemfontein loop die Universiteit en Collegians tans kop aan kop. Die Pukke vaar ook vanjaar baie beter as ander jare en as hulle Westelikes kan klop, sal hulle die tweede plek in die Neserkompetisie inneem.

### ELF VIR VRYSTAAT

**Kovsies kan vanjaar weer spog met elf spelers wat reeds die wittrui van die Vrystaat gedra het. Na verneem word sal die Kovsies se span soos volg daar uitsien: Spelers wat reeds vir Vrystaat gespeel het, word met 'n „V" aangedui. Steve Strydom (V), Danie Coetzee (V), Nico Louw (V), Joggie Jansen (V), Louis Smit (V), Nic Bojé (V en N-Tvl.), Gerald Fowler, Johan van Schalkwyk (V), Tobie Visser, Jan Brandt, Gerrit Coetzer (V), Stoffel Botha (V), Hennie van Zyl (V), Koekoes Reinecke (V) en Basie Verster.**

Pukke se Wes-Transvaal skrumskakel, Denis de Klerk, het sy enkel in die wedstryd teen die W.P. beseer en sal nie weer die seisoen kan speel nie. Danie Kock wat sy plek kom volstaan het, is nou ook so ernstig beseer dat hy heel moontlik nie sal kan speel nie. Dit is 'n slag vir die Geeltruie, maar Jannie Schutte behoort hom goed van sy taak te kwyt.

### ONVOORSPELBAAR

Na die Pukke se vertoning teen Pote voel 'n mens onseker oor hul kanse Saterdag, maar hulle is egter so onvoorspelbaar soos die weer en hulle kan weereens vir 'n groot verrassing sorg.

Die span wat Saterdag gaan wen, is die span wat gaan saamspeel en nie die span wat gaan staatmaak op individuele pogings nie. Die grondslag van elke rugbyoorwinning lê by die voorspelers en dit is hier waar die Pukke nog 'n paar foute sal moet uitstryk. Hulle moet kan toemaak en die bal suiwer aan die agterspelers kan besorg. Deur te klap bring 'n span niks in die sak nie; dit ontsenu eerder jou skrumskakel en losskakel.



MNR. PIET MALAN

**Die agterlyn van die Puk kan Saterdag die knoop deurhak, mits die losskakel die bal baie vinniger laat loop en nie jakkalsdraaie maak wat hom niks in die sak kan bring nie. Verder sal dit Saterdag van groot belang wees dat elke man in die agterlyn sal opgaan vir sy man, die losskakel inkluis. As dit nie gebeur nie sal Nic Bojé se skopskoen groot moeilikheid veroorsaak.**

### ONDERSTEUNING

Die Pukke se oorwinning van laasjaar is in 'n groot mate te danke aan die ondersteuning van die mede-Pukke op die pawiljoen. Hulle het so te sê die spelers oor die doellyn gedra. As daar vanjaar weer so 'n gees op die pawiljoen heers, sal die Kovsies weer swaarleef.

Die Vrystaters kan ook nie met geruste harte slaap nie, want die provinsiale spelers in hul span is nog nie 'n versekering dat hulle kleingeld van die Pukke gaan maak nie.

**Ten slotte wil ek die hoop uitspreek dat die Pukkies almal soos een man agter ons spelers sal staan om hulle aan te moedig. Sterkte en voorspoed aan al die spelers, nie net in die rugby nie, maar ook in al die ander klubs!**

J.C.S.

## Fotograwe stig vereniging

Die fotograwe aan die P.U. het nou 'n daadwerklike poging aangewend tot samewerking. Verlede Donderdag, is die P.U.-Fotografiese Vereniging gestig. Die vereniging sal hopelik onder beskerming van die A.B.K.K. kan funksioneer.

Dave Theron, voorsitter van die vereniging, het in 'n onderhoud gesê „Die hoofdoel van ons vereniging is eintlik die bevordering van fotografie in die algemeen, maar elke lid sal die voordele van massa-aankope van chemikalieë, films en papier, die gebruik van 'n toegeruste donkerkamer en die deelname aan fotokompetisies d.m.v. die vereniging geniet.

„Nie net gevorderde fotograwe nie, maar ook beginners is hartlik welkom om by ons aan te sluit. Lesings deur professionele fotograwe oor verskillende aspekte van fotografie word beoog, sowel as lesings en praktiese oefening spesiaal vir beginners."

Kennisgewings oor die vereniging se werksaamhede en veranderings sal van tyd tot tyd op die kennisgewingbord ver-

## ALLES IS AANVAAR

**Die aanbevelings van die kommissie van ondersoek na die konstitusionele verhoudinge tussen die Studenteraad en die studentemassa is almal een vir een met groot meerderhede aanvaar op 'n massavergadering wat Maandagaand plaasgevind het. Die verslag is na die Studenteraad verwys, wat vanaand op 'n vergadering finaal oor die aanbevelings sal besluit.**

## KOMMUNISTE KIES S.A. VIR AANSLAG

**„Die kommuniste-leiers beskou Suid-Afrika as een van die belangrikste punte vir 'n kommunistiese aanslag." So het prof. Nicholas Nyaradi van die universiteit van Bradley in die V.S.A. onlangs aan die P.U. gesê. Hy het as spreker opgetree op 'n byeenkoms, gereël deur die Sentrum vir Internasionale Politiek. Prof. Nyaradi was Minister van Finansies van Hongarye net voor die oorname van die land deur die kommuniste.**

Prof. Nyaradi het gesê dat Suid-Afrika weens sy strategiese belangrikheid (veral met die huidige toestand in die Midde-Ooste) en omdat die V.S.A. nie soveel aandag aan Suid-Afrika gee nie, 'n geskikte gebied vir kommunistiese aanslag is.

Die bestaan van 'n doeltreffende leër is een van die beste middele om die moontlikheid van so 'n aanslag te verklein. As jy vrede begeer, moet jy jou op oorlog voorberei, het hy gesê.

Volgens prof. Nyaradi is die Midde-Oostekrisis deur die kommunisteleiers aangewakker om te voorkom dat Amerika die sukses wat hy op die stadium in Vietnam behaal het, sou kon opvolg. Egipte is eintlik 'n satelliet van die Sowjet-Unie en Alexandria 'n belangrike basis vir die Russiese vloot in die Middellandse See, het prof. Nyaradi gesê.



**Ben de Klerk, die president van die A.S.B., afgeneem saam met die Minister van Verdediging, mnr. P. W. Botha, mev. Botha en die rektor van die P.U., prof. H. J. J. Bingle. Die geleentheid was die Verwoerd-Gedenkaand wat deur die A.S.B. gereël is. (Foto: Fotokuns)**

## So moet ons dr. Verwoerd huldig — min. P. W. Botha

**„Ons kan aan die nagedagtenis van dr. Verwoerd geen groter hulde bewys as om sy werk voort te sit, met die vaste wil om, as die Skepper dit beskik, aan ons toekoms te bou soos 'n volk wat lewe." So het min. P. W. Botha, minister van Verdediging Woensdagaand 9 Augustus voor 'n gehoor in die Totiussaal gesê. Min Botha het die woord gevoer by geleentheid van 'n Verwoerd-gedenkaand wat gereël is deur die plaaslike A.S.B.-komitee.**

Dr. Verwoerd het vir ons die grondslag van ons toekomstaak gelê. Hy het geleer dat ons bestemming nie is vir selfsug van die nasie nie. maar ter wille van diens: Ons wil lewe en laat lewe. Die rykdom en skoonheid van dit wat ons wil opbou, lê in die verskeidenheidsgedagte van nasies.

### AFGEKEUR

Dr. Verwoerd het kleinlike provinsialisme, wat van tyd tot tyd kop uitsteek in Suid-Afrika afgekeur, het min. Botha gesê.


By die geleentheid is 'n gedeelte uit 'n toespraak van dr. Verwoerd voorgespeel. 'n Voordrag is deur mnr. Abri le Roux gelewer, en mej. Janette Lessing het 'n klaviervertolking gelewer.

## Pote oorrompel in skaak

'n Skaakspan van die P.U. het verlede Woensdagaand skoonskip gemaak in 'n wedstryd teen die span van P.O.K. Die Puk-span het met 22 punte teenoor O geseëvier.

Hierdie wedstryd was die eerste in die Potchefstroom-liga.

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS



**BULT-APTEEK**
ONS SPESIALISEER IN
GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE
TOMSTRAAT 88B & C
FOON 5943, 3377

die WAPAD

WOENSDAG 16 AUGUSTUS 1967

# INTERVARSITY

Die groot dag nader nou vinnig. Die dag waarna menigeen met kloppende hart en onstuitbare verwagting uitsien. Intervarsitydag.

'n Dag wat homself laat ken deur heerlike uitbundigheid. Die dag van die student. Die dag waarin die hartklop van studentwees saamgevat kan word: kompetisie, sang, die gejil van die jeug en ongetemperde vrolikheid. In die gees van die dag is daar iets moois Daar is 'n jonkheid en 'n ongeërgde blyheid wat mens in die lewe net eenmaal ten volle so kan ervaar: wanneer jy student is.

Daarom is dit die wens van Die Wapad dat elke Puk, hierdie dag mag geniet vir wat dit sal inhou. Mag elkeen met uitbundige vaart vaar op die kruin van sy lente. Maar mag niemand die gees van hierdie dag bederf of geweld aandoen deur onverantwoordelike optrede nie.

Hoewel uitbundig, moet hierdie dag ook gekenmerk word deur 'n kennelike verantwoordelikheidsbesef. Daar moet dus die besinning wees wat 'n Christen in al sy dade kenmerk. Hoewel uitbundig dus, moet daar ook beheersing wees.

Mag elke Puk dan Saterdag in sy sport, in sy spanaanmoediging, in sy sang, nog altyd 'n sieraad bly vir ons universiteit se leuse.

# STEL NIE BELANG

Met die reëling van 'n H. F. Verwoerd-gedenkaand met 'n kabinetsminister as spreker het die plaaslike A.S.B.-komitee aan die P.U.-studente geleentheid gebied om op paslike wyse hulde te bring aan 'n man wat in Suid-Afrika, en ook aan die P.U., vereer is as een van ons grootste staatsmanne. Veral waar dr. Verwoerd minder as 'n jaar gelede op 'n skokkende wyse die lewe gelaat het, kan dit verwag word dat die herinnering aan hom nog sterk is by alle P.U.-studente.

Tog was die opkoms by die funksie geensins besonder groot nie; as die aard en opset van die program in ag geneem word, was dit beslis teleurstellend.

Wat sou die rede hiervoor wees? Daar kan net een antwoord wees: baie (dit is die meerderheid) van die P.U. studente het ander sake van groter belang beskou. Die sake kon moeilik anders wees as akademiese studie, ontspanning of net doodgewoon leeglê. Aangesien aan die begin van die semester weinig sprake van toetse is, kon die aandag aan die akademiese nie besonder dringend gewees het nie.

Daar kan dus net gekonstateer word dat die meerderheid van die P.U.-studente net eenvoudig nie genoeg belangstelling of genoeg energie gehad het om die betrokke geleentheid by te woon nie.

Hierdie saak is maar net weer 'n duidelike bewys van wat al dikwels gekonstateer is. 'n Groot aantal van die P.U.-studente lewe so op in hul eie beslommernisse en genietinge dat hul nie veel steur aan byeenkomste en aksies waar lojaliteit aan die volk en land die beweegrede vir deelname is nie. Dit geld egter ook vir ander terreine: belangstelling in die studentelewe as geheel, selfs belangstelling in sosiale aksies voor die Intervarsity.

'n Groot aantal P.U.-studente het net belangstelling vir hulself, hulle werk en hul ontspanning. Dinge van wyer omvang raak hulle nie.

Baie word gedoen om die toestand te verhelp. Dit is egter duidelik dat slegs ingrypende middels hier enige verbetering kan bring. Dit bly egter elkeen van ons se plig om ons mede-studente tot wyer belangstelling aan te spoor.

## *Studente skryf en praat . . .*

**„Ek wonder of die Kovsies pinte melk of bottels wyn gebruik?" — Puk.**

**„Die Maties het vanjaar uitgehang op die A.S.B-kongres in Bloemfontein." — Hoofberig, die Matie.**

**„Wanneer 'n klomp studente „oppervlakkig" raak, wil dit nog nie sê dat daar nou nie meer sprake is van sake met 'n ernstiger strekking nie." — Hoofartikel, die Perdeby.**

**„Widespread drunkenness and vandalism must be wiped off the campus if Rhodes is to retain its proud reputation." — Hoofartikel, Rhodeo.**

# In U Lig

**Job 19:27 „Maar ek, ek weet: My Verlosser leef . . ."**

Die slotwoorde van 'n gedig deur 'n Amerikaanse dogtertjie lui:

I know that God is not dead
I talked with Him today . . .

Miskien naïef. Maar in haar eenvoud toon sy veel meer begrip van die realiteit van die geloof en van die sekere nabyheid van God as die geleerde teoloë van ons tyd wat hulleself „christen-ateïste" noem en met hul spitsvondige redenasies die Kerk van Christus verwar. In haar gediggie hoor ons nog die eggo van een van die Ou-Testamentiese gelowiges se woorde.

Die beproefde en bedroefde Job jubel in ons teks ten sypte van sy aanvegtinge die lied van die Kerk van alle eeue: Ek weet, my Verlosser leef. Met hierdie woorde gryp hy uit bokant sy ellende, sien hy die onsienlike, blik hy in die ewigheid. Met hierdie woorde bely hy 'n waarheid waarvan hy die omvang self nie besef nie, die waarheid wat sy flinke vriende nie kon vat nie maar wat duisende van duisende gelowiges na hom nog troos en sekerheid sou gee.

By die leë graf van Christus kry hierdie woorde pas hul volle betekenis. Hy het waarlik opgestaan. Hy leef tot in ewigheid.

Glo u dit?

Sê dit dan agterna: Ek weet, my Verlosser leef!

# Deur My Lens

'n Kragmeting tussen die Kovsies en die Pukke bly nog altyd 'n eiesoortige gebeurtenis — die enigste Intervarsity in die wêreld tussen twee Afrikaanse Universiteite in die regte Boeretradisie van welwillendheid en ware sportmansgees. 'n Gedenkwaardige gebeurtenis dus in elke opsig.

### BOMENSLIKE

**As die groot aantal provinsiale spelers in die Vrystaatse span se geledere in gedagte gehou word, moet U.V. as die „voorkeur"-span beskou word. Voeg daarby dat hulle 'n neerlaag ten alle koste wil uitwis, en daarom gedetermineerd op die veld sal gaan, sal die Wes-Transvalers met 'n byna bomenslike poging vorendag moet kom as hulle wil wen.**

### GEDRYF

Rugby bly egter 'n spanspel en individuele uitblinkers is van weinig nut wanneer die opponente as 'n span in rat kom. As die Pukke die kuns gaan bemeester om saam te speel en saam te jag, gaan dit weer verlede jaar se storie wees. Daar op die Vrystaatse stadion het Piet Malan se manne gewys dat hulle die resep van wenrugby kan toepas. Daar is vorentoegespeel en vorentoe gedryf, in die vaste en losspel is nie lyf weggesteek nie, die man met bal is elke keer geondersteun en gedurende die hele wedstryd het daardie gevreesde spook — verslapping, die prysgee van konsentrasie — nooit sy kop gewys nie.

### LOS

Belangrikste van alles: die bal is nooit toegelaat om los rond te lê nie. Dit is waarvoor die U.O.V.S.-valke die hele tyd gewag het en hulle wag nou nog na daardie los bal. Saterdag moet die geel truie weer soos laas die bal bemeester en hom behou en U.O.V.S. sal weer besef dat „you can't arrive at the tryline without the ball."

**Met ander woorde Pukke, moenie die bal vir die teenstanders gee nie. Haak hom, spring vir hom, jaag hom asof julle jaloers is oor hom! As julle dit doen, sal die oorwinning weer soet wees. Om met Intervarsity te wen is mooi, dit is die hoogtepunt van die jaar.**

En aan die massa — ondersteun die manne met soveel volume julle het. Laat staan die Jan Salie-gees by die huis! Daardie moreleondersteuning is medisyne vir hulle wanneer hulle uitgeput raak, wanneer slegs die wil om te wen heers.

**Ons speel op ons tuiswerf. Dit is 'n morele voorsprong. Ook die feit dat ons verlede jaar gewen het. Laat almal help om dit uit te buit!**

HANS VAN ZYL

# Ons Flitsgedagte

### SING?

**Stelling een.** Sing word skaars. Alleen die „geesvang",aksies voor Intervarsity bring 'n tydelike opflikkering. Waar is die teetye van vroeër waar daar gereeld elke aand saamgesing is? Die paar maats wat romanties saans die snare van die kitaar tokkel en treurige liedjies saamsing? Die skare studente wat singende deur die strate marsjeer? En die hartlike sang voor en na elke studentevergadering? Die serenades — feitlik drieweekliks?

'n Pragtige studentetradisie is besig om te sterwe.

**Stelling twee** Wie is die skuldige?

Die huisvaders wat jag maak op vrolike troubadoers?

Studenteleiers en huiskomiteelede wat nie inisiatief het nie?

Die akadamie wat te swaar druk?

Is dit nie sommer deel van die onttrekking van die gemeenskap nie? Die gees van individualisme wat wars is aan alle groepsoptrede? Die gevolg van ons nugter onromantiese tyd wat alles kil en blase benader sodat die spontane verdwyn?

Is dit 'n gebrek aan lewensvrolikheid?

**Stelling drie** Het dit nie noodsaaklik geword dat ons die spontane weer opnuut moet organiseer nie? Dat die stimulering van studentesang doelbewus aangepak word as onderdeel van die reorganisasie van die studentelewe nie?

Ons moet die krag van sang nie onderskat nie.

Dit kan meer doen aan ons studentelewe as lywige verslae en moeisame beplanningsvergaderings.

Wm.

JOUBERT MEUBELS
Kerkstraat 201, Tel. 3420, POTCHEFSTROOM.
Vir MODERNE MEUBELS en alle HUISHOUDELIKE TOERUSTING
Ons spesialiseer in die verskaffing van die Jongste Plaat-opnames
Kom besigtig ons groot reeks.

BOUQUET BLOEMISTE, STADSENTRUM, Tel. 6575.


GROSVENOR MOTORS
LOMBARDSTRAAT 47
KERKSTRAAT 69
TELEFOON: 4351/2/3
GEMAGTIGDE —FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE
Asook: Vespa en Lambretta BROMPONIES

VIR AL U APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE BESOEK:
APTEKERS J. P. VAN DER WALT (EDMS.) BPK.
Kerkstraat 118 Potchefstroom
TELEFOON: 3237

GISELA MAIWALD
Fotograaf en Fotografiese dienste.
TOMSTRAAT 100 POTCHEFSTROOM

INSLEEP!
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

# IN DIE WEEGSKAAL




## Ons Lesers Skryf

## C.H.O. BETEKEN STRYD

**Geagte Redakteur, — Na aanleiding van 'n brief van 2 Augustus oor die C.H.O.-beginsel wil ek sê dat die skrywer die spyker amper op sy kop geslaan het maar tog sy duim verwond het.**

Om C.H.O. voor te staan, impliseer 'n stryd, 'n Christelike stryd teen die hedendaagse stanstandaard lewensopvatting. Studente (en ook die deursnee Suid-Afrikaner) vind dit vir sy sosiale behoefte nie meer nodig om uiterlik voor te gee dat hy 'n Christen is nie.

**NUTTELOOS**

Dit is nutteloos om te sê „dit het tyd geword dat elke Puk hom moet besin oor die Christelike wetenskap" omdat elke Puk nie eers daartoe geneë is om hom oor iets meer diepsinnig te besin as oor wat hy met sy graad gaan doen nie.

**Eerder moet hulle wat werklik nog sin het in die bevordering van C.H.O. hulleself konsolideer (en dit sluit lippe — C.H.O.-ers uit) en die stryd teen die verslappende Afrikanermentaliteit vurig aanknoop. Dit is onrealisties en steriel om vae, algemene** beskuldigings teen die verslapping op te werp.

FRANCOIS VENTER

(Brief verkort — Red.)

## A.F.S.-student wel be-invloed

Geagte Redakteur, — Die manier waarop mej. Coetzee die beweerde indoktrinasie van A.F.S.-studente in Amerika as onsin verwerp (Die Wapad van 9 Augustus), laat my skepties teenoor die hele saak staan.

Wat bedoel mej. Coetzee as sy sê dat die Afrikaners van sienswyse moet verander? „Ons het 'n groter skok as die Sestigers nodig om ons uit die groef te bring." Het ons hier nie 'n tipiese voorbeeld van 'n geïndoktrineerde gewese A.F.S.-student nie?

Ag nee, mej. Coetzee — probeer volgende keer om dit nie so ooglopend te maak dat u denkwyse wel verander het nie.

D. J. THERON

(Brief effens verkort —Red.)

## PUK VERDEDIG GRIEKWAS

Geagte redakteur, — Na aanleiding van die berig „Eerstespan verniel Griekwas" in 'n vorige uitgawe, wil ek net my geliefde provinsie verdedig en die volgende juiste inligting verstrek.

In genoemde berig is melding gemaak van 'n wedstryd teen die subunie van Griekwaland-Wes. Dit skep die indruk dat dit as't ware die reserwe Griekwaspan is

Die feitlike toestand is dat die P.U.span teen die Suidelike sirkel van een van Griekwaland-Wes se subunies gespeel het wat uit Postmasburg, Olifantshoek, Daniëlskuil en Harrispark bestaan het — almal tweede ligaspanne wat slegs een oudprovinsiale speler bevat het.

Indien ek egter fouteer wat my inligting betref, hoe lyk dit met 'n ekstra wedstryd vir die Franse teen die P.U.? Die Franse het mos maar gesukkel teen Griekwas.

JOHANN FOURIE

*Met komplimente van*
AJAX
(Edms.) Bpk.
BOEKE —
SKRYFBEHOEFTES

# *So word Intervarsity nou beslis:*

**BESLISSING van die Intervarsity volgens 'n puntestelsel sal vanjaar op eksperimentele basis toegepas word. Elke sportsoort beskik oor 'n sekere hoeveelheid punte, soos hieronder aangetoon word. Die span wat wen oes al die punte in. In geval van gelykoptellings kry elke span die helfte van die punte. Slegs die eerstespan-uitslae word in aanmerking geneem by die puntetoekenning. Hieronder volg ook 'n lys met die uitslae van verlede jaar. U kan vanjaar se uitslae self invul en dan die puntetelling bereken.**

**Uit die totaal van 200 punte word 45 aan Rugby toegeken 25 aan Tennis, 18 aan Sokker, 14 elk aan Judo, Korfbal, Tafeltennis en Stoei, 6 elk aan Manshokkie en Dameshokkie en 8 elk aan Gholf, Landloop, Skaak en die Skynhof.**

| | 1966 P.U. | 1966 U.O.V.S. | 1967 P.U. | 1967 U.O.V.S. |
|---|---|---|---|---|
| **SKAAK** | | | | |
| | ½ | 7½ | | |
| **TENNIS** | | | | |
| Mans 1e span | 1 | 5 | | |
| Mans 2e span | 3 | 6 | | |
| Dames 1e span | 4 | 5 | | |
| Dames 2e span | 5 | 4 | | |
| **TAFELTENNIS** | | | | |
| Mans 1e span | 4 | 8 | | |
| Mans 2e span | 3 | 9 | | |
| Dames 1e span | 6 | 6 | | |
| Dames 2e span | 5 | 4 | | |
| **HOKKIE** | | | | |
| Mans 1e span | 1 | 5 | | |
| Mans 2e span | 2 | 3 | | |
| Dames 1e span | 0 | 8 | | |
| Dames 2e span | 0 | 6 | | |
| **GHOLF** | | | | |
| 1e span | 9 | 3 | | |
| 2e span | - | - | | |
| **JUDO** | | | | |
| 1e span | 45 | 15 | | |
| 2e span | 30 | 10 | | |
| **STOEI** | | | | |
| | 5 | 5 | | |
| **NETBAL/KORFBAL** | | | | |
| 1e span | 19 | 32 | | |
| 2e span | 11 | 45 | | |
| **SOKKER** | | | | |
| 1e span | 1 | 2 | | |
| 2e span | 1 | 3 | | |
| **RUGBY** | | | | |
| 1e span | 8 | 3 | | |
| 2e span | 3 | 39 | | |
| O/19A | 14 | 3 | | |
| Dawie duP | 8 | 6 | | |
| Over de Voor | 6 | 6 | | |
| O/19B | 11 | 11 | | |
| Kompleks/Dorp | - | - | | |
| Over de Voor II | - | - | | |
| Huis Rus | - | - | | |
| **LANDLOOP** | | | | |
| | 55 | 19 | | |

* * *



Parra Bornmann, Hoofdirigent van die Puk. (Foto: Fotokuns)

## GEOLOë HOU KONGRES

**Die Interuniversitêre Geologiese Studentevereniging het gedurende Juliemaand sy 28ste jaarlikse kongres in Durban gehou. Die Geologiese Studentevereniging aan die P.U. het vyf afgevaardigdes gestuur.**

Die kongres het eintlik die vorm aangeneem van 'n studietoer deur Zoeloeland, waar verskeie besienswaardighede besoek is.

'n Stapwedstryd oor byna agt myl, vanaf Kranzkop tot by Die Kop, is deur die Potchefstromers gewen.

Dr. Matthews, senior lektor in Geologie aan die Natalse Universiteit, het die kongres op 'n baie bekwame wyse gelei.

## SKYNHOF

Die skynhof sal vanjaar 'n siviele saak as onderwerp hê, het mnr. Hans Malan, voorsitter van die Regsvereniging in 'n onderhoud verklaar. Hy het gesê dat die hofsitting Vrydagaand in die Frans du Toitgebou plaasvind.

PARADISE RESTAURANT

Dié kafee op Die Bult . . .
dié kafee waar studente hul
koeldrankie drink,
EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WELKOM.

Tomstraat 86 Tel. 5474

na aksie..
satisfaksie




vol-ja smaakvol

VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA VIR RIGGIO TOBACCO CORPORATION OF NEW YORK LIMITED

# Alabama-aanbieding getuig van groot inisiatief

**DIE Alabama-aanbieding van Saterdagaand kan bestempel word as een van die mees geslaagde vermaaklikheidsaande in die afgelope aantal jare op die P.U.**

**Van die byna vreemd-planeetagtige beeldortikon- elekrolitografiese programuitruiler tot die aanbieding van die verhoog program het alles deurgaans getuig van gesonde studenteinisiatief.**

Die koorsang was seker van die beste wat nog in die Totiussaal uit studentegeledere gehoor is. Behalwe die spontane jonkheid was daar deurentyd ook 'n half-verweg heimwee wat mooi tiperend is van studentwees. Dit is duidelik dat die koorlede streng gekeur is wat stemkwaliteit betref, en die resultaat? 'n Puik afgerigte koor wat nie maar net weer nog 'n toer gaan onderneem het nie.

**TALENT**

Die sprankelhumor van Nesco du Toit het afgewyk van die platvloerse wat die publiek gewoonlik van hedendaagse studentegroepe ontvang. Hierdie byna gesofistikeerde humor is op onoortreflike wyse aangebied deur Abri le Roux en Johan Kruger. Waar Abri le Roux reeds 'n bekende is het Johan Kruger ook nou geleentheid gehad om verbloemde talent te toon. Dit het aangename verrassing ingehou.

**OORSPRONKLIK**

Die Alabama-sukses is hoofsaaklik te danke aan die programleier, Johan van Rensburg, wat met 'n onbeperkte bron van oorspronklikheid vorendag gekom het. Mens kan net hoop dat Alabama van hierdie bekwame leiding vir nog 'n jaar of wat gebruik sal kan maak.

Die P.U. kan met reg trots wees op die Alabamatoergroep van 1967, wat in hulle programaanbiedinge voorwaar fyngekeurde ambassadeurs was vir die Universiteit.

C.J.S.


**POTCH. INRYTEATER**

WOENS. 16, DON. 17 om 7 nm.
VRY. 18, SAT. 19 om 9 nm.
THE SPARTAN GLADIATORS
TONY RUSSEL

VRY. 18, SAT. 19 om 8.45 nm.
THE SPY IN LACE PANTIES
DORIS DAY
ROD TAYLOR

MAAN. 21, DINS. 22 om 7.00 nm.
VRY. 25, SAT. 26 om 8.45 nm.
BOY, DID I GET A WRONG NUMBER
BOB HOPE
ELKE SOMMER

**GRAND TEATER**

WOENS. en DON. 16 en 17:
COPLAN FX STRIKES AGAIN
RICHARD WYLER
JANY CLAIR

VRY. en SAT. 18 en 19:
SOUTHWEST TO SONORA
MARLON BRANDO
ANJANETTE COMER

MAAN. en DINS. 21 en 22:
VIVA MARIA
BRIGETTE BARDOT
JEANNE MOREAU
(Persone 4 tot 16 nie toegelaat nie).

WOENS. en DON. 23 en 24:
SMOKEY
FESS PARKER
DIANA HYLAND


# KUNSGESELSIE

Die Afrikaanse literatuur het in die jare sestig met sy krisis en stryd uitermate aktueel geword. Uitsprake en (voor-) oordele het gevolg. Raak waardebepalings en sotlike menings is uitgespreek. Literator en kwasiliterator, predikant en boosdoener, selfs „oom Bossie van die Bosveld" het lustig meegedoen.

Daarmee vind ek nie fout nie. Elkeen wat lees het seker die reg om te gesels . . . al is dit kaf. Ongelukkig het die situasie nou ontstaan: 'n groot gros het kletsers geword, buite en rondom die kunswerk! Die enigste uitweg is om rustig voort te gaan, te glimlag, en vakman te bly.

**STERILITEIT**

Die vertrekpunt tot die geestelike steriliteit by die meerderheid is onbegrip en bevoordeeldheid. Hieroor is al genoeg gesê. 'n Belangrike vraag bly: is alle groot kuns eenvoudig? En daarom verstaanbaar? Mens wil oombliklik se nee! Maar wat van King Lear, Oorlog en Vrede, selfs Dias, Journaal van Jorik, Bart Nel, die Boek Job? Geeneen onwaardige verteenwoordigers van 'n volk se geestesbesit nie.

**Het alle ware kuns 'n sekere nederigheid, 'n eenvoud, 'n deurstraalde sonderlinge ontroering? En ons jonger skrywers te lande — die Sestigers? (Ek verpes diegene wat minagtend praat van die Sestigerkuns! Wie is hulle? Is dit mense wat sestig jaar oud is, of is dit die deputante van Sestig? M.a.w. Van Wyk Louw, Opperman, Elizabeth Eybers e.a.)**

**LEROUX**

Kom ons noem eerder die name: Ettienne Leroux en Andre P. Brink by uitstek twee belangrike eksponente van die vernuwing in die prosa. Hulle sorg vir die ommekeer in die verhaalstruktuur, bring die mite in, ens. ens. Is hulle kuns vry te spreek van 'n sekere anargie, 'n literêre snobisme?

Elke kunstenaar het immers die privelege vir wie om te skep. Maar . . . is die „wetenskaplike handboek," die topswaar simboliek, die ure se worsteling met Ensiklopedieë, die lees van sielkundige werke, sê maar Jung se uitsprake, die lees van mitologiese handboeke — Grieke en verskriklike gode, o ja interessant, leersaam maar . . . ?

**EIESINNIGHEID**

Wanneer die kuns in diens van homself gestel word, gaan dit bloot om die intellektuele eiesinnigheid, die persoonlike ekstase van die kunstenaar? En dit net vir die klein groepie eensame literêre diepseeduikers is?

**STOUTIGHEID**

Ek vra hierdie vrae in alle erns — sonder bedekte skimpe of aanvalle. Want behalwe vir sekere verblydende tendense in ons romankuns is daar heelwat stoutigheid, 'n sekere neiging tot selfbediening, terug na die „ek", terug na die kinderskoene.

**Dit wil tog vir my voorkom asof die stryd van ons dae vrugte sal afwerp, danksy volgehoue objektiwiteit en rustigheid deur 'n klein groepie erkende vakmanne. Ek is seker die jare Sewentig gaan die emansipasie bring — die groot universele kuns. Wat egter finaal is, is die splitsing van ons kuns in twee groepe: 'n volkskuns en elitekuns. Dit het finaal beslag gekry, reeds dertig jaar te vore —die „Sestigers" het dit net hewiger bevestig.**

**P.H.R.**



'n Toneel uit Thalia se opvoering van Saterdagaand 11.16. (Foto: Fotokuns)

# THALIA ONTPOP MET SATERDAG 11-16

**Thalia het verlede Donderdagaand verras met hul opvoering van F.L. Carry se moorddrama „Saterdagaand 11.16" vertaal deur L. Pienaar. In teëstelling met vorige jare het die stuk professioneel aangedoen. Miskien omdat Bet Botha verantwoordelik was vir die regie?**

In die hoofrolle het opgetree Riana Coetzee, Gerhard Groenewald, Hans Strydom en Saskia Kempff. Slegs Hans Strydom se spel was effens oordrewe, hy het te bewus gespeel. In die kleiner rolle het Lenie de Klerk beïndruk asook Folkert van Graan het homself uitgewys as geen maklike „hoofkonstabel" nie!

**INTERESSANT**

In alle opsigte was dit 'n interessante drama: Die dialoog was knap vol onverwagte wending, daar was genoeg pittige humor, selfs die spanning is tergend volgehou tot die onverwagse, amper ironiese ontknoping. Boeiend was ook die botsende persoonlikhede, elkeen met sy eie lewensbeskouing. Ek weet hierdie drama wil nie op meer as een vlak spreek nie, tog het juis dit die belangstelling volgehou.

**Kortom dan: Thalia het vanjaar ontpop as 'n waardige toneelgeselskap en het gesorg vir ontspanning van hoogstaande gehalte.**

P.H.R.

# SKAAKSPAN WIL TWEE NEERLAE WREEK

**„Die P.U.-skaakspan wil die jaar twee nederlae teen die Kovsies wreek: die op die afgelope A.S.B.-kunsfees en verlede jaar se Intervarsity." So het mnr. Mac van der Merwe, kaptein van hierdie klub, in 'n Intervarsity-boodskap gesê.**

Mnr. van der Merwe het verder gesê: „De P.U. beskik vanjaar oor twee baie goeie skaakspanne wat al spanne soos die van Pretoria-buitemuurs, Rustenburg en P.O.K oorrompel het.

Op die A.S.B.-kunsfees het die Kovsies gewen — min weet hulle hoe gelukkig hulle was. Laat hulle gewaarsku wees vir Intesvarsity."


VIR MODERNE VERLOOFRINGE:

TRANSVALIA JUWELIERS

STADSENTRUM, POTCHEFSTROOM.



Ry in die WAPAD
met 'n TRAPFIETS
'n MOTORFIETS
van
PARK FIETSWINKEL
Van Riebeeckstraat 81 en Kerkstraat 77.
SUZUKI'S HONDA'S B.M.W.
Onderdele — Herstelwerk






# Kapteins gee hul boodskappe:



## STOEIERS WIL HUL WREEK

Vanjaar gaan ons ons op die Kovsies wreek wat verlede jaar daarin geslaag het om die stoei gelykop te laat eindig.

Op die onlangse S.A.U.-toernooi het ons bo die Kovsies op die punteleer geëindig. Van ons tien stoeiers het slegs een nie onder die eerste drie geëindig nie, en dit was omdat hy weens 'n besering nie kon verder stoei nie. Ons het twee S.A.U.-kampioene in ons midde, naamlik Johnny Joubert en Jan Preller. Pukke wat Wes-Transvaal verteenwoordig, is Johan Boshoff, Johnny Joubert, Gert Ehlers, Jan Pretorius en Jan Preller.

Pukke, kom ondersteun ons Vrydagaand en die Kovsies moet by voorbaat die knie buig!

* * *

**ONTHOU VRYDAGAAND OM 7.00 nm. IN DIE HOOFGEBOUSAAL — DIE GROOT GROOT STOEI!**

LEON WOLMARANS
Kaptein Stoeiklub



## Pukke sal gholf nie verloor

Hier kan al wat Puk is kom moed skep as hy bietjie angsvallig mag wees oor die ander uitslae, want gholf is die een sportsoort waarin die P.U. NIE kan verloor nie.

Selfs al word in ag geneem dat gholf die spel is wat in die sportwêreld verantwoordelik is vir die meeste verrassings en onverwagte goeie en swak vertonings van swak en goeie spelers, is dit nogtans onmoontlik om hierdie punte aan die Kovsies af te staan. Die Pukke is net eenvoudig te goed om moontlik geklop te word.


Gholf is miskien die aspoestertjie onder die Puk se sportsoorte, maar baie beslis die een wat Intervarsity in die Puk se guns gaan beslis.

REG MILLER
Kaptein Gholfklub

## SPOGSOKKER BELOOF

Beserings wat die sokkerspan so bietjie kortwiek nou dat Intervarsity aangebreek het, het die kanse op 'n stewige oorwinning vir die Pukke so effens verminder, maar dat al die Puk-ondersteuners sommer spogsokker gaan sien, is nie altemit nie! 'n Span wat met so 'n goeie gees soos ons op die veld gaan, kan nie juis anders as om goed te vertoon nie.

AWIE WRIGHT
Kaptein Sokkerklub



## Korfbal sal Kovsies wys

Namens die P.U.-korfbalklub wens ek die Kovsie-korfbalspeelsters 'n aangename wedstryd toe. Al is dit vir julle 'n minder bekende sport, geniet dit!

Aan die P.U.-speelsters — speel lekker en laat ons hulle wys!

JANETTE WISSING
Kapteine Korfbalklub




## Dames sal harde hokkie speel

„Welkom aan die Kovsie-hokkiedames in Pukkieland. Ons sien al reeds lankal uit na julle koms en ons hoop dat die wedstryde hard en lekker gaan wees. Oor die uitslag sal ons later gesels!"

Kom Pukke — kom ons wys hulle hoe ons Pukke kan veg! Kom ons gaan vir die ding!

DALEEN SNYMAN
Kapteine Dameshokkieklub






## Judospan beloof verrassing

Die P.U. judospan gaan vir 'n groot verrassing sorg. Al die kêrels is fiks en vol moed. Hulle het verlede jaar vir U.O.V.S. 'n goeie pak gegee en daar is geen rede waarom dit nie herhaal kan word nie.

Op papier lyk die span heel gedug. Simon Botha en Len Goodchild het op die afgelope S.A.U. kampioenskappe Proteakleure verwerf en lg. het die swaargewig-afdeling gebuit. Soapy Williams en Bertie Pretorius, wat ook daar was, het baie goed vertoon.

Al wat nog kort skiet is baie toeskouers om die manne aan te por. Die geveg vind op 18 Augustus om 2.30 nm. in die Hoofgebousaal plaas.

LEN GOODCHILD
Kaptein Judoklub



## Tennis sal sorg vir oorwinning

As daar een Intervarsity is wat die P.U.-tennisspelers met groot geesdrif aanpak, dan is dit stellig die van 1967. Dit is die eerste keer dat die P.U.-tennisspan in sy volle sterkte sal optree. Daarom word daar veel van die kragmeting verwag. Die span van U.O.V.S. het nie veel verander nie, terwyl die P.U. oor 'n veel meer afgeronde en selfversekerde span beskik as verlede jaar.

Drie P.U.-spelers verteenwoordig vanjaar Wes-Transvaal, terwyl drie ander ook reeds vir Wes-Transvaal gespeel het. Daarby beskik die Pukke vanjaar oor die mansenkel- sowel as die mansdubbelskampioene van Wes-Transvaal. Die U.O.V.S.-tennisspelers kan verseker wees dat die Pukke hulle inwag en dat hulle 'n opdraende stryd gaan voer.

Ons vertrou dat ons 25 waardevolle punte vir die Pukke gaan insamel en dat ons daarmee die weg sal baan vir 'n groot Intervarsity-oorwinning vir Pukkieland.

D. P. J. SMITH
Kaptein Tennisklub

## Landlopers goed voorbereid

Die P.U.-landloopspan is die beste voorberei in jare en gereed vir die kragmeting teen die Kovsies. Die span het nie slegs tweede gekom op die onlangse S.A.U.-kampioenskappe nie, maar sluit ook die S.A.U.-kampioen in en het drie lede in die S.A.U. span gehad.

Kovsies se landloopkrag is nie vir ons heeltemal onbekend nie maar ons is gereed vir hulle. Ons hoop Kovsies geniet die byeenkoms en mag die beste span wen. Ons glo dit is die P.U.-span. Aan die Pukke wil ons net sê: neem die landloop as voorbeeld en sorg vir die ondersteuning en die Intervarsity is ons s'n.

Ons wil al die Pukke uitnooi om ons landloop te ondersteun — by die Oude Molen-terrein op Vrydagmiddag om 4.00 nm. Elke span het dit nodig om sy beste te kan gee.

GEORGE MULDNER,
Kaptein — Landloop.




## Rekord-getal rugbyspanne


**Aan alle deelnemende sportklubs wens ek sterkte toe, en ek hoop dat daar gesonde mededinging op egte studente wyse sal plaasvind.**

**Die P.U. rugbyklub, wat 'n rekord-aantal spanne in die veld stoot, nooi al sy ondersteuners en mede-Pukke om reeds so vroeg as 8.30 by die P.U.-bane en die middag op Olënprak te kom kyk na egte studenterugby.**

**Kom Kovsies, maak julle tuis by ons en wees verseker dat ons rugby-manne gereed is vir die groot stryd. Kom Pukke, wys die Kovsies hoe hard die Wes-Transvaalse aarde kan wees, sodat hulle sommer vroegvroeg Saterdag al terug Vrystaat toe verlang.**

**WILLEM SCOTT,**
**Kaptein Rugbyklub**





## Ping-pong stryd verdwerg alles

„Ja-nee, dis weer sulke tyd! Die oorlog in Viëtnam, die rasseonluste in Amerika, die burgeroorlog in China, die Franse toerspan in ons midde, die sosio-ekonomiese toestand van die Bantoe adolossente in Agter-Okacheng en die nypende tekort aan gepekelde varkvleis in Palestina: alles word verdwerg deur een alles-oorheersende gebeurtenis: die stryd tussen P.U. en U.O.V.S. oor 'n groen gebied wat 'n oppervlakte van 45vk. voet beslaan, 2' 6" bokant die Totiussaal se gladde vloer geleë is, en waarvan die territoriale grense deur wit strepe aangedui word.

Dis reg Kovsies, ons praat van die pingpongstryd! Laat ons julle maar waarsku; die Pukke is ongemaklike knape as dit by tafeltennis kom! Die P.U.-eerste manspan het reeds die Wes-Transvaalse liga gewen waarin hulle gespeel het deur hulle sterkste teenstanders met 10—0 kaf te draf.

Ons wil net vir die Pukke vra om te kom kyk wat ons met die Kovsies gaan maak Vrydag-aand. Kovs, julle is baie welkom om te kom probeer, maar ons kry julle jammer, jammer, jammer, jammer . . . !

PIETER VAN DER WALT
Kaptein Tafeltennisklub.




## Kovsies sal nie wen in hokkie

In die laaste minute van die S.A.U.-toernooi het die Kovsies daarin geslaag om ons met een doel te klop.

Die manshokkiespan van die Puk is vanjaar heelwat sterker as verlede jaar en het in die liga ook beter gevaar as vroeër. As die Pukke ons Saterdag enigsins gaan ondersteun, sal die Kovsies noodgedwonge die knie moet buig voor ons. Hierdie jaar het Pieter Mulder daarin geslaag om die Wes-Transvaalse span te haal en George Simpson die linkerskakel het die span van die Noordelike Universiteite gehaal.

PIETER MULDER
Kaptein Manshokkieklub


# So lyk die EERSTE SPAN



**WILLEM SCOTT**
**Kaptein — Agtsteman**



**TEUNS KRUGER**
**Flank**




**DRIES DU PLOOY**
**Senter**



**PIET BRAND**
**O/Kaptein — Slot**



**JAAP DE LA PORTE**
**Flank**



**KOPPIES LE ROUX**
**Heelagter**



**IBERT JOUBERT**
**Vleuel**



**COERT VAN DER MERWE**
**Slot**




**JONA VILJOEN**
**Voorry**



**JAN SCHUTTE**
**Skrumskakel**




**THYS REDELINGHUYS**
**Senter**



**DEON MALAN**
**Haker**



**CHRISTO HOLTZHAUSEN**
**Losskakel**



**GERRIT BOTHA**
**Vleuel**



**TINY VAN ECK**
**Voorry**

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**

## Onoorwonne

**Die O.19 A-span het Saterdag weereens getoon dat hulle moeilik in die Intervarsity geklop gaan word toe hulle die O.20 A-span van Sasolburg met 26—0 verslaan het.**

**Die eerste punte is aangeteken deur Riaan de Beer wat in die hoek oor is na 'n volle agterlynbeweging. Chris Swanepoel het net daarna reg deur gebreek en langs die pale oorgeduik. Die drie is deur Herman Kleynhans vervyf en die telling was 8—0.**

**'n Rukkie later het Kleynhans soos 'n wafferse H.O. de Villiers van sy eie doellyn begin hardloop en feitlik die hele span geflous voordat hy aan Barend Venter gegee het om te gaan druk. Johann Swanepoel het vervyf. In die tweede helfte het die Pukke weer verwoed aangeval en Isak van Rensburg het 'n los bal skitterend opgeraap en gaan druk. Kleynhans het weer vervyf en die telling was 18—0.**

Johann Swanepoel het nog 'n agterlynbeweging afgerond met 'n mooi drie nadat hy losdeur gebreek het. Die wedstryd was egter nog nie oor nie en Jannie Barnard het met 'n paar jakkalsdraaie die grypende hande van sy teenstanders ontwyk en onder die pale gaan druk. Kleynhans het vervyf en die eindtelling op 26—0 te staan gebring.

# DIE POTE MAAK AMPER WEER SO

**In 'n vriendskaplike rugbywedstryd het die Universiteit en die Onderwyskollege verlede Saterdag gelykop gespeel met nege punte elk.**

Dit was 'n lustelose, saai wedstryd en van mooi bewegings was daar geen sprake nie. Vroeg in die eerste helfte het die Puk se skrumskakel, Danie Kock, 'n skouerbesering opgedoen en hy moes die veld verlaat. Sy plek is toe deur Jannie Schutte ingeneem.

Die Pukke se voorspelers het beide die skrums en die lynstane oorheers. Daar word egter nog nie in die lynstane toegemaak nadat die besit van die bal verkry is nie en sodoende het die skakelpaar swaar geleef.

**GEVAARLIK**

Die agterlyn het nie op volle vaart beweeg wanneer hulle die bal gekry het nie en gevolglik het hulle geen deurdringingsvermoë getoon nie. Pote se agteerlyn het deurgaans gevaarlik gelyk.

Theuns Kruger ('n drie), Piet Brandt ('n drie) en Dries du Plooy ('n strafskop), het die Pukke se punte aangeteken.

P.O.K. se punte het bestaan uit drie onvervyfde drieë wat gedruk is deur Louw Geyser, Sakkie van der Merwe en George Williams.

**TWEEDESPAN**

**Die Puk se tweede span het Weermag se eerstespan verlede Saterdag met 16—11 geklop. Dus het die tweedspan vermag wat die eerstespan nie 'n week terug kon regkry nie.**

Met rustyd was die Pukke 16—3 voor, maar daarna het 'n verslapping in hulle spel ingetree, hoewel hulle nog oortuigend gewen het.

**SAMESPEL**

Die Pukke se voorspelers het deurgaans goed vertoon, maar die agterspelers het nie getoon dat hulle die vermoë het om gate in hulle teenstanders se verdediging te slaan nie. Mooi samespel het tot dusver die tweedespan in al sy wedstryde gedurende hierdie seisoen gekenmerk.

*„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."*

Turkstra

**te kry by u kafeteria**

*Cachet Modes*

**(EDMS.) BPK.**

**Tomstraat 92** **Telefoon 5032**

**POTCHEFSTROOM**

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
tot jassies en sokkies.